UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
Kantoor van die Registrateur

Taalbeleid

Dokumenttipe: Beleid Dokumentnommer: R16/10

1. Doel

Die Universiteit van Pretoria bied ’n intellektuele tuiste vir diegene wat die belangstelling en die vermoë het om aan sy programme deel te neem. Die Universiteit erken dat elke student ’n reg het tot uitmuntende onderrig. Die Universiteit onderneem om die tale waarin onderrig gegee sal word, Afrikaans en Engels, te ontwikkel en te gebruik as waardevolle instrumente van die Wetenskap. Die Universiteit se Taalbeleid is gebaseer op die bepalings van die Universiteit se Statuut soos goedgekeur deur die Raad, Senaat en die Minister van Onderwys.

Oorwegings

Die Universiteit van Pretoria:

1.1 erken dat daar elf amptelike tale is, dat alle amptelike tale gelyke status het en dat alle tale gelykmatig hanteer moet word;

1.2 bevorder die ontwikkeling van nie alleen die amptelike tale nie, maar ook ander tale wat in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gebruik word;

1.3 erken die reg van elke individu om onderrig aan ’n tersiêre instelling te ontvang via die medium van die amptelike taal of tale van sy/haar keuse, in dié mate dat dit regverdig en uitvoerbaar is vir die spesifieke instelling om onderrig te verskaf deur die amptelike of betrokke tale;

1.4 aanvaar die beginsel dat ’n taalbeleid nie daartoe aanleiding mag gee dat enige persoon billike toegang tot hoër onderwys geweier word nie; en

1.5 aanvaar die beginsel dat ’n taalbeleid bekostigbaar moet wees.

2. Organisatoriese omvang

Die beleid het ‘n universiteitswye toepassing.

3. Beleidstelling

Met inagneming van bogenoemde oorwegings, word die volgende beleid aanvaar:

3.1 In die bedryf van sy kernfunksies sal die Universiteit twee amptelike tale gebruik, naamlik Afrikaans en Engels met Sepedi as ’n derde kommunikasietaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2 Onderrigprogramme kan óf in Afrikaans óf in Engels aangebied word, of in beide hierdie tale indien daar ’n aanvraag is na onderrig in die betrokke taal/tale en sodanige programme akademies en ekonomies lewensvatbaar is.

3.3 Afrikaans en Engels moet as akademiese tale gebruik en ontwikkel word om sodoende uitnemendheid in akademiese kommunikasie te bewerkstellig.

3.4 Die Universiteit sal die ontwikkeling van ander tale (amptelik of nie-amptelik) bevorder deur, onder andere, taalkursusse en -programme in hierdie tale aan te bied, onder voorbehoud dat daar ’n aanvraag is na sodanige kursusse en dat hierdie kursusse akademies en ekonomies lewensvatbaar is.

3.5 Met betrekking tot administratiewe en ander dienste, sal kliënte die reg hê om ’n keuse uit te oefen oor die taal (Afrikaans of Engels) waarin hulle kommunikasie vanaf die Universiteit wil ontvang.

3.6 Daar mag geen diskriminasie wees teenoor enige personeellid of student wat slegs Afrikaans of Engels magtig is, of wat slegs hierdie twee tale magtig is nie.

3.7 Die Universiteit sal aan personeellede die nodige steun en opleiding verskaf wat hulle in staat sal stel om in Afrikaans en in Engels te kommunikeer.

3.8 Die Universiteit sal studente ondersteun deur onderrig te verskaf in die betrokke onderrigtale.

3.9 Elke eenheid binne die Universiteit sal bogenoemde beleid implementeer.

4. Reëls vir implementering: Voorgraadse akademiese programme

Fakulteite

4.1 Elke fakulteit sal die Taalbeleid soos bo genoem op so ’n wyse implementeer dat die doelwitte genoem in paragraaf 3(3) van die Statuut oor die langtermyn bereik word.

4.2 Met inagneming van paragraaf 3(3) van die Statuut, sal elke fakulteit ’n langtermyn-taalplan aan die Senaat en Hoofbestuur voorlê waarin die fakulteit uiteensit hoe hulle beplan om hulle onderrigtaal te bestuur met verwysing na (a) programme in die fakulteit en (b) die modules van die fakulteit.

4.3 ’n Fakulteit se langtermyn-taalplan moet akademies regverdigbaar wees vanuit die vertrekpunt van onderrig en leer.

4.4 Elke fakulteit se langtermyn-taalplan is onderhewig aan goedkeuring deur die Senaat en Hoofbestuur.

4.5 Die Universiteit se begroting en personeelbeleid moet `n fakulteit in staat stel om die goedgekeurde langtermyn-taalplan uit te voer.

4.6 Die toepaslike dekaan is verantwoordelik vir die uitvoering van die fakulteit se goedgekeurde langtermyn-taalplan.

4.7 Die dekaan moet jaarliks aan Hoofbestuur verslag doen oor die wyses waarop die fakulteit se langtermyn-taalplan geïmplementeer is.

Kommunikasie

4.8 Kennis moet in die Universiteit se amptelike publikasies gegee word van watter programme in Afrikaans of Engels of beide tale aangebied sal word.

4.9 Kennis moet in die amptelike Universiteitspublikasies gegee word of individuele modules (dws die boustene van akademiese programme) in Afrikaans of Engels of beide tale aangebied sal word.

4.10 ’n Individuele dosent of departementshoof mag slegs van die gepubliseerde inligting afwyk indien die toepaslike dekaan dit goedgekeur het.

4.11 ’n Fakulteit se langtermyn-taalplan word aan voornemende studente bekendgemaak in publikasies. Indien ’n fakulteit se langtermyn-taalplan verander, moet studente betyds in kennis gestel word.

Eksamens, toetse en werkopdragte

4.12 Alle studente is daarop geregtig om toetse en eksamens in óf Afrikaans óf Engels af te lê. ’n Dosent mag nie druk van enige aard toepas om studente te verplig om toetse of eksamens in enige spesifieke taal te skryf nie, met die uitsondering van taalmodules.

4.13 Reël 4.12 is in beginsel ook van toepassing op werkopdragte. Daar mag egter van studente wat vir ‘n professionele kwalifikasie geregistreer is, van tyd tot tyd verwag word om ‘n taak of take in ‘n spesifieke taal te voltooi as deel van hulle professionele opleiding.

Dispute

4.14 Indien `n probleem tussen ‘n dosent en ‘n student oor die taal van onderrig sou voorkom, sal die volgende persone (in die volgorde soos onder genoem) verantwoordelik wees vir die aanspreek van die probleem en vir pogings om dit op te los:

- departementshoof
- dekaan
- Registrateur

Verantwoordelike lid van Hoofbestuur

4.15 Die Registrateur is verantwoordelik vir die toesighouding oor die implementering van alle besluite wat met die Universiteit se Taalbeleid verband hou.

4.16 Die Registrateur sal jaarliks aan die Raad verslag doen oor die implementering van die Universiteit se Taalbeleid.

5. Dokumentmetadata

Dokumentnommer:	*R16/10*
Dokumentweergawe:	*Finale weergawe (R16/10) goedgekeur deur die Raad*
Dokument goedkeuringsgesag:	*Raad* *Goedgekeur deur die Senaat op 13 Mei 2010 as S4664/10 (gewysig)* *Goedgekeur deur Hoofbestuur op 27 Julie 2010 as Rt356/10*
Dokument goedkeuringsdatum:	*20 Augustus 2010*
Dokumenteienaar:	*Registrateur*
Dokument outeur(s):	*Registrar*
Sigbaarheid: Vertoon op personeelintranet Vertoon op studente intranet Vertoon op die publieke web	 √ √ √